**Education and Sport Development**

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
**NORTH WEST PROVINCE**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 MEMORANDUM

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer nie, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. Geen punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE gepenaliseer indien aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Geen punte word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering moet in ag geneem word.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte antwoord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook begin met : Die woord is …
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punt(e) vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
    - Sien slegs die vereiste feit(e) na.
    - Indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord per merker nagesien.
    - Aanvaar dialektiese variasies.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie woord(e) sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die gegewe korrekte antwoord aanvaar.

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 1**

**TEKS A: MIRIAM MAKEBA**
[Verwerk uit: www. miriam makeba – biografie.com]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|
| 1.1 | verbeel | 1 | 1 |
| 1.2 | menseregte-aktivis | 1 | 1 |
| 1.3 | internasionaal | 1 | 1 |
| 1.4 | Haar ma was 'n huiswerker.<br>Sy het haar werkende lewe begin deur haar ma te help in die huise waar sy gewerk het. | 1 | 2 |
| 1.5 | Alle musieksterre kon hul musiek daar beoefen.<br>Dit was een van min plekke waar mense van alle rasse bymekaar kon kom tydens die apartheidsjare.<br>Dit was die tuiste van Kwela-, Marabi– en Jazz musiek.<br>(Enige twee) | 2 | 2 |
| 1.6 | Die Manhattan Brothers | 1 | 1 |
| 1.7 | Harry Belafonte | 1 | 1 |
| 1.8 | Jy moet in 'n ander land woon, omdat jou land se regering nie wil hê jy moet terugkeer daarheen nie.<br>(of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 1.9 | "Amerika het haar met ope arms ontvang …" | 1 | 2 |
| 1.10 | Haar toere, sowel as 'n opnamekontrak word gekanselleer. | 2 | 1 |
| 1.11 | Guinese afgevaardigde vir die VN. | 1 | 2 |
| 1.12 | D/dit die einde van apartheid in Suid-Afrika was. | 1 | 1 |
| 1.13 | triomftog | 1 | 2 |
| 1.14 | outobiografie | 1 | 1 |
| 1.15 | dalk | 1 | 2 |
| 1.16 | Italië | 1 | 1 |
| 1.17 | Nee, sy was nie 'n misdadiger nie en is gestraf omdat sy teen onregverdigheid baklei het. OF<br>Ja, sy moes eerder lojaal gebly het aan Suid-Afrika en hier gebly het.<br>(of enige soortgelyke sinvolle antwoord) | 1 | 3 |
| 1.18 | Ek sal baie verbitterd, kwaad en hartseer wees. Dit sal baie moeilik wees om sonder my familie op 'n vreemde plek te bly.<br>(of enige sinvolle antwoord in een volledige sin aangebied.) | 1 | 3 |
| | | | **[20]** |

| **TEKS B: ADVERTENSIEPLAKKAAT**<br>[Verwerk uit: skafoundation.skabook.com] | | | |
|---|---|---|---|
| 1.19.1 | Dit beteken Miriam Makeba keer terug na Suid-Afika.<br>(of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 1.19.2 | Sy was 'n sangeres wat met haar liedjies Afrika aan die res van die wêreld bekend gestel het. | 1 | 3 |
| 1.19.3 | fees. | 1 | 1 |
| 1.20 | (Die) Regal Teater 2 | 1 | 1 |
| 1.21.1 | twee | 1 | 1 |
| 1.21.2 | tien | 1 | 1 |
| 1.22.1 | plaaslike | 1 | 2 |
| 1.22.2 | uitgesoekte | 1 | 2 |
| 1.23 | C/baie vertroue in haarself het. | 1 | 2 |
| 1.24 | Ja, sy is 'n goeie sanger/sy veg teen onregverdigheid/ sy veg vir menseregte/sy het baie selfvertroue.<br>(of soortgelyke sinvolle motivering) | 1 | 3 |
| | | | **[10]** |
| | | | **TOTAAL AFDELING A: 30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

**Nasien van die opsomming.**

Die opsomming moet as volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie.**
  - 1-3 korrekte feite: 1 punt
  - 4-5 korrekte feite: 2 punte
  - 6-7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het.**
  - 6-7 korrekte aanhalings: geen punte word vir taal toegeken nie.
  - 1-5 korrekte aanhalings: 1 punt word vir taal toegeken.

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is aan te dui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70 woorde grens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**Neerskryf van punte:**

Dui direkte aanhalings aan deur in die kantlyn (A) te skryf.
Punt toegeken vir feite + punt toegeken vir taal.

**VRAAG 2:**

**TEKS C: Die voordele van stap.** [Verwerk uit: Huisgenoot 9 Oktober 2014]

| | |
|---|---|
| Om voordeel te trek uit stap, moet jy daarna mik om 150 minute per week te stap. Dis 30 minute of 10 000 treë per dag, wat alle daaglikse aktiwiteite insluit. Enige persoon met 'n gesonde gewig sal verseker daarby baat vind. Hier volg 'n paar redes waarom dit goed is om te stap. | Geen feit |
| Indien jy elke dag stap, doen jy jou liggaam 'n groot guns. **Jou risiko vir hartsiektes verminder met die helfte.** | Jou kanse vir 'n hartaanval is baie kleiner./Jou kans op hartsiektes verminder. |
| Sowat vier miljoen Suid-Afrikaners sukkel met nie-insulien afhanklike diabetes. **Stap is 'n baie doeltreffende manier om jou insulienvlakke stabiel te hou.** | Jou insulienvlakke sal konstant bly./Stap hou jou insulienvlakke stabiel. |
| Baie mense se beroepe vereis dat hulle amper heeldag moet sit. **Tydens stap, verbrand jou liggaam baie kilojoules,** veral as dit met 'n gesonde dieet gepaard gaan. | Jy gebruik baie energie wanneer jy stap./Jy verbrand baie kilojoules wanneer jy stap. |
| Depressie is 'n algemene siekte in die moderne samelewing. **Studies het bewys dat stap depressie afweer en angstigheid beperk.** | Jy sal minder depressief en angstig wees./Stap help vir depressie en angstigheid. |
| **Stap is 'n gratis manier van oefening.** Geen spesiale vaardighede of toerusting is nodig nie. Gimnasiums is baie duur en is nie die regte opsie vir almal nie. Mense met Osteoporose en gewrigsiektes vind dit baie moeilik om in 'n gimnasium te oefen. | Dit kos nie baie geld om te stap nie./Stap bied jou gratis oefening./ Dis nie nodig om in 'n gimnasium te oefen nie. |

| | |
|---|---|
| **Stap is 'n lae impak oefening wat beteken dat dit nie soveel druk op gewrigte en spiere plaas nie.** Ten spyte daarvan verbeter mense wat stap se fiksheidsvlakke. | Stap sal nie jou spiere en gewrigte beseer nie./Stap plaas min druk op jou gewrigte en spiere. |
| Goeie bloedsirkulasie help om voedingstowwe in sagte weefsel te pomp en gifstowwe te dreineer. **Stap help om ruggraatstrukture te versterk.** | Jou ruggraatstrukture word versterk. |
| Wil jy begin stap? Maak gebruik van die program wat deur die Suid-Afrikaanse Sportwetenskap instituut ontwikkel is. Die program strek oor ses weke. | Geen feite. |
| | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

**AFDELING C: TAAL**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**SPELLING**

- Eenwoord-antwoorde is korrek selfs al is dit nie korrek gespel nie, behalwe as die fout die betekenis van die woord verander.
- Die standaardvariant geld.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie korrek wees.
- Waar sinstrukture getoets word, moet die sin taalkundig korrek wees volgens die instruksie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin nie uitgeskryf word nie.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE** [Verwerk uit: taalmuseum.co.za]

| VRAAG | MEMORANDUM | PUNT | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Groot vetgedrukte letters./Die kleur van letters, wit letters wat uitstaan op grys. | 1 | 2 |
| 3.2 | warm | 1 | 1 |
| 3.3 | B/die mense na die sterre gaan kyk. | 1 | 2 |
| 3.4 | Maart | 1 | 1 |
| 3.5 | Gebruik die Internet/webtuiste/Facebook/telefoon | 1 | 1 |
| 3.6 | onwelkom | 1 | 1 |
| 3.7 | vyf en twintig/vyf-en-twintig | 1 | 1 |
| 3.8.1<br>3.8.2<br>3.8.3 | D/begeleide<br>B/verkyker<br>C/piekniek | 3 | 2 |
| | | | **[10]** |

| VRAAG 4: STROKIESPRENT [Verwerk uit: https/www.flickr.com] | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **MEMORANDUM** | **PUNT** | **DENK-VLAK** |
| 4.1 | slimste | 1 | 1 |
| 4.2 | Jong, vandag sal ek 'n slim plan maak om Wolf se kos te steel. | 2 | 2 |
| 4.3 | Jakkals het nie Wolf se kos gesteel nie. | 2 | 2 |
| 4.4 | blitsvinnig | 1 | 1 |
| 4.5 | plannetjie | 1 | 1 |
| 4.6 | Wolf sê dat **hy** liewer sal omdraai. | 1 | 2 |
| 4.7 | Spot/Terg iemand./'n Poets bak./'n Grap maak. | 1 | 3 |
| 4.8 | Jy behoort altyd eerlik te wees. | 1 | 2 |
| | | | **[10]** |

| VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT [Verwerk uit: kyknet.dstv.com…woef & kie] | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | troetel+dier | 1 | 1 |
| 5.2 | ontwikkeling | 1 | 1 |
| 5.3 | Waarmee help troeteldiere kinders?<br>Waarmee kan troeteldiere kinders help?<br>Hoe kan troeteldiere kinders help? | 1 | 2 |
| 5.4 | Honde verbeter hul eienaars se fiksheid. | 1 | 2 |
| 5.5 | Navorsers sê: "Kinders wat troeteldiere het, kry nie maklik asma nie."<br>(Ken een punt toe vir leestekens en een punt vir korrekte woordorde.) | 2 | 1 |
| 5.6 | waarmee<br>(moet met 'n kleinletter begin) | 1 | 1 |
| 5.7 | Honde help kinders met sosiale vaardighede, omdat hulle die diere vertrou. | 1 | 2 |
| 5.8 | Duitsers | 1 | 1 |
| 5.9 | aggressief/geïrriteerd | 1 | 1 |
| 5.10.1<br>5.10.2 | Sin 2<br>Sin 1 - Dit is 'n bevelsin./Gee 'n bevel./Gee 'n opdrag. | 1<br>1 | 1<br>2 |
| 5.11 | Daar word elke dag oor troeteldiere navorsing gedoen. | 1 | 2 |
| 5.12 | Ja, dit sou lekker wees om 'n dier te hê wat saam met my kan speel/waarvoor ek verantwoordelik kan wees. OF<br>Nee, dis nog iets wat versorg moet word.<br>(of enige sinvolle antwoord) | 1 | 3 |
| | | | **[14]** |

| **PRENT** [Verwerk uit: imgarcade.com] | | | |
|---|---|---|---|
| 5.13 | lopende | 1 | 2 |
| 5.14 | in | 1 | 1 |
| 5.15 | Ja, baie mense wat lopende water het, is wel dankbaar daarvoor.<br>(of soortgelyke antwoord wat aantoon dat die kandidaat die konsep verstaan) | 1 | 3 |
| 5.16 | kleiner | 1 | 1 |
| 5.17 | Hartseer/ongelukkig/moedeloos/kwaad/ontevrede.<br>(of soortgelyk) | 1 | 2 |
| 5.18 | Hulle kan beter beplanning doen./Hulle kan meer geld beskikbaar stel om vir almal water te voorsien./Hulle kan meer pype aanlê na huishoudings waar nog nie water is nie.<br>(of soortgelyke sinvolle antwoord) | 1 | 3 |
| | | | **[6]** |
| | | | **TOTAAL AFDELING C: 40** |
| | | | **GROOTTOTAAL: 80** |

Kopiereg voorbehou